|---------------------------------------|------------|-------------------------------|------------|-------------------------------|------------|-------------------------------|------------|
| Eerste semester                       |            | Eerste semester               |            | Eerste semester               |            | Eerste semester               |            |
| Modulekode                            | Kr         | Modulekode                    | Kr         | Modulekode                    | Kr         | Modulekode                    | Kr         |
| ACFS111                               | 16         | BWIA111(H)                    | 12         | ITRW214(H)                    | 16         | ITRW311(H)                    | 16         |
| ECON111                               | 12         | ITRW212(H)                    | 16         | STTN215(H)                    | 16         | ITRW317(H)                    | 16         |
| ITRW112(H)                            | 12         | ITRW213                       | 16         | WISN211                       | 8          | STTN311(H)                    | 32         |
| STTF115                               | 12         | STTF215(H)                    | 16         | WISN212                       | 8          |                               |            |
| WISS111                               | 12         | WISN111                       | 12         | WVES311                       | 12         |                               |            |
| <b>Totaal eerste semester</b>         | <b>64</b>  | <b>Totaal eerste semester</b> | <b>72</b>  | <b>Totaal eerste semester</b> | <b>60</b>  | <b>Totaal eerste semester</b> | <b>64</b>  |
| Jaarvlak 1                            |            | Jaarvlak 2                    |            | Jaarvlak 3                    |            | Jaarvlak 4                    |            |
| Tweede semester                       |            | Tweede semester               |            | Tweede semester               |            | Tweede semester               |            |
| Modulekode                            | Kr         | Modulekode                    | Kr         | Modulekode                    | Kr         | Modulekode                    | Kr         |
| ACFS121                               | 16         | BWIA121                       | 12         | ITRW325(H)                    | 16         | ITRW321(H)                    | 16         |
| AGLA/E121                             | 12         | ECON121                       | 12         | STTN225(H)                    | 16         | STTK321(H)                    | 24         |
| ITRW123(H)                            | 12         | ITRW222(H)                    | 16         | TGWN222                       | 8          | STTK322(H)                    | 8          |
| ITRW124(H)                            | 12         | STTF225(H)                    | 16         | WISN222                       | 8          | ITRW325(H)                    | 16         |
| STTF125                               | 12         | WISN121                       | 12         | WVES221                       | 12         |                               |            |
| WISS121                               | 12         |                               |            |                               |            |                               |            |
| <b>Totaal tweede semester</b>         | <b>76</b>  | <b>Totaal tweede semester</b> | <b>68</b>  | <b>Totaal tweede semester</b> | <b>60</b>  | <b>Totaal tweede semester</b> | <b>64</b>  |
| <b>Totaal Jaarvlak 1</b>              | <b>140</b> | <b>Totaal Jaarvlak 2</b>      | <b>140</b> | <b>Totaal Jaarvlak 3</b>      | <b>120</b> | <b>Totaal Jaarvlak 4</b>      | <b>128</b> |
| <b>Totale krediete vir kurrikulum</b> |            |                               |            |                               |            |                               | <b>528</b> |

## E.4. MODULE UITKOMSTE

### E.4.1 MODULE UITKOMSTE: BACCALAUREUS COMMERCII

|   |                    |                    |
|---|--------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> ACCC111  | <b>Semester:</b> 1 | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> <b>Rekeningkunde: Raamwerk, Grondslae, Siklus en Finansiële Verslagdoening</b>  |                    |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                    |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                    |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>die basiese kennis van die beginsels van die rekeningkundige siklus, insluitend die teboekstelling van transaksies en aanswiwerings, vanaf die brondokumente, in hulpioernale/hulpgrootboeke en die algemene grootboek van die entiteit te demonstreer;</li> <li>die rekeningkundige raamwerk en die basiese elemente van finansiële state, insluitend die erkenning en metingskriteria te verstaan;</li> <li>die basiese stel finansiële state, insluitend die basiese openbaarmaking in die aantekeninge, in die korrekte formaat, gebaseer op die inligting vanuit die proefbalans of algemene grootboek, te kan opstel;</li> <li>transaksies aangegaan deur klubs en ander nie-winsgewende organisasies in die hulp- en algemene grootboeke en finansiële state aan te teken.</li> </ul> |                    |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en Deeltyds   |                    |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan begin van semester verskaf in 'n werksrooster.  |                    |                    |
| <b>Modulekode:</b> ACCC121  | <b>Semester:</b> 2 | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> <b>Rekeningkunde vir Verskillende Entiteite</b>   |                    |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                    |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                    |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>die definisies, erkennings- en metingskriteria van die verskillende elemente van finansiële state sowel as die beginsels van aanbieding van finansiële state in 'n gegewe situasie te kan toepas;</li> <li>te kan onderskei tussen verskillende vorme van entiteite, insluitende alleen-eienaars, vennootskappe, maatskappye en beslote korporasies, en ook transaksies in die rekords van elk van hierdie entiteite te boek te kan stel;</li> <li>inligtingstegnologie effektiel te kan gebruik in die te boekstelling van transaksies in die rekords van 'n entiteit;</li> <li>effektiel te kan saamwerk met ander as deel van 'n groep of 'n span.</li> </ul>   |                    |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en Deeltyds   |                    |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan begin vane semester verskaf in 'n werksrooster.   |                    |                    |
| <b>Modulekode:</b> ACCC271  | <b>Jaarmodule</b>  | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> <b>Rekeningkunde: Korporatiewe Rekeningkunde, Analise en Interpretasie van Finansiële State en Inleiding tot IFRS en Groepstate</b>   |                    |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                    |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                    |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>die basiese beginsels van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), asook die interaksie tussen mekaar, te verstaan en interpreteer;</li> <li>'n stel finansiële state te analiseer en interpreteer;</li> <li>basiese konsolidasie van 'n houer en een filiaal uit te voer;</li> <li>deur middel van sigblaaie en ander rekenkundige sagteware berekening uit te voer en finansiële state voor te berei;</li> <li>aktiwiteite te organiseer en te bestuur op 'n verantwoordelike en effektiwelike manier.</li> </ul>  |                    |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en Deeltyds   |                    |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan begin van semester verskaf in 'n werksrooster.  |                    |                    |
| <b>Modulekode:</b> ACCC371  | <b>Jaarmodule</b>  | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> <b>Rekeningkunde: Komplekse Korporatiewe Rekeningkunde en IFRS</b>  |                    |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                    |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                    |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>'n komplekse konsolidasie van 'n moeder en een of meer filiale uit te voer;</li> <li>'n belegging in 'n geassosieerde entiteit of 'n gesamentlike onderneming te verantwoord;</li> <li>'n stel finansiële state wat ten volle aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) voldoen opstel, insluitend 'n bespreking van die korrekte rekeningkundige hantering van transaksies en die teboekstelling van transaksies;</li> <li>inligtingstegnologie in die rekeningkunde-/ouditprofessie doeltreffend te gebruik;</li> <li>probleme te identifiseer en op te los waar die respons bewys lewer van kritiese en kreatiewe denke;</li> <li>inligting te versamel, analiseer, organiseer en evaluer.</li> </ul>   |                    |                    |

|   |                     |                    |
|---|---------------------|--------------------|
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds en Deeltyds |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aane begin van semester verskaf in 'n werksrooster.   |                     |                    |
| <b>Modulekode:</b> ACCF111  | <b>Semester:</b> 1  | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Finansiële Rekeningkunde: Basiese Konsepte, Rekeningkundige Stelsels en Elementêre Finansiële Verslagdoening  |                     |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                     |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                     |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik;</li> <li>• 'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon;</li> <li>• joernale, grootboeke, hulpgröötboeke en kontrolerekeninge op te stel;</li> <li>• 'n rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereistes van 'n spesifieke entiteit;</li> <li>• bankrekonsiliasies voor te berei;</li> <li>• versekeringseise ten opsigte van voorraadverliese te bereken;</li> <li>• transaksies te boekstaaf en finansiële staat vir eenmansake en departementele rekeninge op te stel.</li> </ul>  |                     |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds en Deeltyds |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan begin van die semester verskaf in 'n werksrooster.  |                     |                    |
| <b>Modulekode:</b> AUDT221  | <b>Semester</b> 2   | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Auditkunde  |                     |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                     |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                     |                    |
| Die funksionering van die verskillende bedryfstelsels van 'n onderneming te verstaan, met spesifieke verwysing na:  |                     |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• die organisasiestruktuur en verantwoordelikhede van personeelde;</li> <li>• die gebruik van brondokumente;</li> <li>• die vloei van inligting en transaksies;</li> <li>• toesighoudende en kontrole procedures wat uitgevoer moet word.</li> </ul>   |                     |                    |
| Auditprocedures wat uitgevoer moet word by die verifikasiëring van verskillende finansiële staat items te kan toepas, met spesifieke verwysing na:  |                     |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• auditdoelwitte van toepassing;</li> <li>• identifisering van auditrisiko's;</li> <li>• ontwerp van auditprocedures;</li> <li>• interpretasie van resultate;</li> <li>• maak van gevolgtrekkings.</li> </ul>  |                     |                    |
| 'n Toepaslike auditverslag vir gebruik deur finansiële staat gebruikers te kan formuleer.   |                     |                    |
| Ken en verstaan die verantwoordelikhede van ouditeure aangaande wesenlike ongeruimdhede met kliënte   |                     |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds en Deeltyds |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan begin van die semester verskaf in 'n werksrooster.  |                     |                    |
| <b>Modulekode:</b> AUDT371  | <b>Jaar Module</b>  | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> Auditkunde: Maatskappywet Toepassings en Rekenaar Oudit   |                     |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                     |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                     |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• maatskappywetbeginsels en geselecteerde standpunte te verstaan en toe te pas;</li> <li>• tegniese vaardighede en terme te kan gebruik in professionele kommunikasie;</li> <li>• feitlike situasies in gesimuleerde auditomstandighede te analiseer en interpreteer;</li> <li>• probleme op te los en te illustreer;</li> <li>• in groepsverband te kan werk;</li> <li>• die toepassings van die Maatskappywet in die auditproses te beskryf;</li> <li>• 'n auditmening te formuleer en 'n toepaslike auditverslag te skryf;</li> <li>• aanbevelings ten opsigte van verwante aangeleenthede op 'n professionele wyse te kan maak en om kommunikasievaardigheid te illustreer.</li> </ul> |                     |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds en Deeltyds |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan begin van die semester verskaf in 'n werksrooster.  |                     |                    |
| <b>Modulekode:</b> BMAN 111   | <b>Semester 1</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Ondernemingsbestuur   |                     |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                     |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                     |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n omvattende en sistematiese kennis van die aard van ondernemingsbestuur, oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming, die verskillende ondernemingsfunksies en die basiese elemente van 'n ondernemingsplan te demonstreer;</li> <li>• vaardighede te demonstreer gebaseer op insig van teorieë en konsepte, om oprigtingsvraagstukke</li> </ul>   |                     |                    |

|  |                   |                    |
|--|-------------------|--------------------|
| van nuwe ondernemings te identifiseer, om verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en om 'n basiese SSGB analise en ondernemingsplan op te stel;  |                   |                    |
| • 'n literatuurstudie en omgewingsoorsig te kan uitvoer, 'n basiese verslag te kan voorberei as individu of as lid van 'n span en die verslag te kan voorberei as individu, skriftelik sowel as mondelings tot 'n gehoor.  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltjys  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50   |                   |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> BMAN121   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Algemene Bestuur   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• bestuur in verskillende kontekste te kan gebruik;</li> <li>• 'n bestuursingesteldheid te toon;</li> <li>• verslag te kan doen oor bestuur en bestuurders in 'n veranderende wêreld;</li> <li>• die onderliggende beginsels van beplanning te verstaan en te kan gebruik;</li> <li>• organisasiestructuurontwerp te kan doen en die menslike hulpbronproses te verstaan;</li> <li>• te verstaan hoe om aan werknelmers leiding te gee en werknelmers te vergoed;</li> <li>• die beginsels van beheer in sake-situasies te kan toepas;</li> <li>• sy/haar kennis in besluitneming te kan toepas;</li> <li>• vertroud te wees met die bestuur van verandering, stres en innovasie, motivering, leierskap en vertroue;</li> <li>• sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer;</li> <li>• doelwitbestuur te kan evalueer en toepas;</li> <li>• 'n etiese benadering in alle werkzaamhede te kan toon;</li> <li>• doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer;</li> <li>• ten minste die helfte van sy/haar opdragte in Engels, die sakewêreldtaal, te kan doen.</li> </ul> |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltjys  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50   |                   |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> BMAN211   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Bemarkingsbestuur  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard van bemarkingsbestuur te verstaan;</li> <li>• 'n oorsig van die bemarkingsomgewing te kan weergee en verstaan;</li> <li>• die rol van bemarkingsinligting in die bemarkingsproses te kan verduidelik;</li> <li>• die begrip 'bemarkingsnavorsing' akkuraat te kan omskryf;</li> <li>• bemarkingsnavorsing as instrument om inligting in te samel vir probleemoplossing te kan verduidelik;</li> <li>• verbruikersgedrag en verbruikerbesluitneming voldoende te kan verduidelik;</li> <li>• die proses van marksegmentering, teikenmarkbepaling en posisionering te verstaan en te kan verduidelik;</li> <li>• die komponente van die bemarkingsmengsel te kan verduidelik.</li> </ul>   |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltjys  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50  |                   |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> BMAN212   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Entrepreneuriële Vaardighede   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• te weet hoe om tot hulpbronne benodig vir 'n suksesvolle bestuurs- / entrepreneurskap-loopbaan toegang kan kry;</li> <li>• geleenthede in verskillende bedrywe en studievelde te kan ontdek;</li> <li>• sy/haar belangstellings, persoonlikheid, talente en waardes te kan ontdek en dit in verband te bring met die gekose bedryf en loopbaanvelde;</li> <li>• 'n persoonlike ontwikkelingsplan met 'n visie en doelstellings te kan ontwikkel;</li> <li>• inkomste en uitgawes wys te kan beplan en die gebruik van syfers in die alledaagse lewe te verbeter;</li> </ul>   |                   |                    |

- sy/haar persoonlike ontwikkelingsplan te kan implementeer deur aan verskillende gehore te kommunikeer wat geleer is, funksionele geletterheid te verbeter, relevante terugvoer te kan ontvang en gee, homself/haarself beter te kan verstaan en kan uitdruk, om sy/haar emosies te verstaan, selfbeheer te kan toepas, goeie interpersoonlike vaardighede te kan demonstreer en funksionele besigheidstaal effekief te kan gebruik.

**Metode van aflewing:** Voltyds en Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

**Modulekode:** BMAN 221

**Semester 2**

**NKR-vlak:** 6

**Titel:** Aankoopbestuur

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- 'n oorsig te kan gee oor aankoopbestuur;
- te verstaan hoe om die voorsieningsbronne te bestuur met klem op die keuse van verskaffers;
- die sleutel prestasie-areas van aankoop en voorsiening te kan bepaal;
- die instrumente wat in die bestuur van aankope en voorsiening en elektroniese inligting gebruik word te kan identifiseer;
- die areas van toepassing in aankope en voorsiening te kan identifiseer en verstaan.

**Metode van aflewing:** Voltyds en Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

**Modulekode:** BMAN222

**Semester 2**

**NKR-vlak:** 6

**Titel:** Entrepreneuriese Geleenthede

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- die term entrepreneurskap in verskillende kontekste te kan gebruik;
- 'n entrepreneuriese ingestelheid te toon;
- verslag te kan doen oor die elemente van entrepreneurskap;
- die funksionering van die brein, breinvoordeure en denkvaardighede te verstaan;
- sy/haar denke en selfspraak te kan bestuur;
- strukkelblokke te identifiseer en te weet hoe om dit te oorkom;
- omgewings te kan evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing op alle lewensterreine te kan identifiseer;
- die eienskappe en vaardighede vir entrepreneuriese sukses te verstaan en benut;
- toepaslike kreatiewe tegnieke te kan gebruik om idees te genereer en probleme op te los;
- in idee-genererende spanne te kan werk;
- entrepreneuriese taalgebruik te demonstreer;
- die vaardighede te toon wat noodsaaklik is vir kreatiewe entrepreneuriese denke;
- die aanvanklike stappe te kan beplan en uitvoer om 'n oplossing of projek prakties te implementeer;
- 'n etiese benadering in alle werksaamhede te toon;
- doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer.

**Metode van aflewing:** Voltyds en Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: 2 - 3 klastoetse; gewig – 35

1 - 2 opdragte; gewig – 20

1 - 2 ander opdragte; gewig – 15

Summatief: 1 x 2 uur eksamen; gewig – 30

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

**Modulekode:** BMAN 311

**Semester 1**

**NKR-vlak:** 7

**Titel:** Finansiële Bestuur

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- 'n omvattende en sistematiese kennis van finansiële state en kontantbestuur, vaste bates, analise van finansiële bestuur en bedryfskapitaal, tydwaarde van geld, waardasie en interne opbrengskoers, finansiële besluit en dividend beleid te kan demonstreer;
- vaardighede gebaseer op ingeligte insig van teorieë en konsepte, evaluering en analisering van

|  |                          |  |
|--|--------------------------|--|
| <p>finansiële state, berekening van alle berekenings oor die tydwaarde van geld, finansiële aspekte en die neem van besluite gebaseer op hierdie bevindinge te kan demonstreer;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die vermoë om 'n literatuurstudie en omgewingsverslag uit te voer, 'n verslag oor finansiële vraagstukke voor te berei en as 'n individu of lid van 'n groep dit te kommunikeer, skriftelik of mondelings aan 'n gehoor te kan demonstreer.</li> </ul>  |                          |  |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltyds  |                          |  |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Formatief:<br>Summatief: | 3 klastoetse; gewig – 35<br>1 geïntegreerde opdrag; gewig – 10<br>2 klasopdragte; gewig – 5<br>1 x 3 uur eksamen; gewig – 50   |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander word.   |                          |  |
| <b>Modulekode:</b> BMAN 312  | <b>Semester 1</b>        | <b>NKR-vlak:</b> 7   |
| <b>Titel:</b> <b>Entrepreneurskap</b>  |                          |  |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                          |  |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                          |  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• te verstaan wat entrepreneurs en entrepreneurskap behels;</li> <li>• die konteks van entrepreneurskap te kan gebruik;</li> <li>• verslag te kan doen oor hoe om te werk te gaan in die soek na lewensvatbare idees;</li> <li>• onderliggende beginsels van die beplanning van 'n nuwe onderneming te verstaan en te kan gebruik;</li> <li>• mededingende voordeel as sleutelsukses faktor te kan toepas;</li> <li>• te weet hoe om 'n nuwe onderneming te organiseer;</li> <li>• die lansering van 'n nuwe onderneming te kan doen;</li> <li>• die beginsels van bestuur in sakesituasies te kan toepas;</li> <li>• sy/haar kennis in besluitneming te kan toepas;</li> <li>• vertroud te wees met die bestuur van die menslike hulpbron in 'n nuwe onderneming;</li> <li>• sinvol as deel van 'n span te kan funksioneer;</li> <li>• van die belangrikste gebeurlikheidsfaktore van entrepreneurskap te kan toepas;</li> <li>• deur middel van die gevallestudies meer van die oprigting van nuwe ondernemings te leer;</li> <li>• 'n etiese benadering in alle werksaamhede te toon;</li> <li>• doeltreffend op 'n individuele grondslag en in groepe te kan kommunikeer;</li> <li>• ten minste die helfte van sy/haar opdragte in Engels te kan doen – die taal van die sakewêreld.</li> </ul> |                          |  |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltyds  |                          |  |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Formatief:<br>Summatief: | 2 - 3 klastoetse; gewig – 30<br>1 - 2 opdragte; gewig – 15<br>1 - 2 ander opdragte; gewig – 5<br>1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                          |  |
| <b>Modulekode:</b> BMAN 321  | <b>Semester 2</b>        | <b>NKR-vlak:</b> 7   |
| <b>Titel:</b> <b>Strategiese Bestuur</b>   |                          |  |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                          |  |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                          |  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n sistematiese en teoretiese kennis van die elemente van 'n strategiese plan te demonstreer;</li> <li>• die vaardighede demonstreer om gepaste besigheidstrategieë, bedreigings en geleenthede wat bydra tot 'n gesonde besigheid, te identifiseer;</li> <li>• 'n strategiese plan vir 'n onderneming te kan opstel en fasiliteer.</li> </ul>  |                          |  |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltyds  |                          |  |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Formatief:<br>Summatief: | 3 klastoetse; gewig – 25<br>3 opdragte, gewig – 25<br>1 x 3 uur eksamen; gewig - 50  |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                          |  |
| <b>Modulekode:</b> BMAR211   | <b>Semester 1</b>        | <b>NKR-vlak:</b> 6   |
| <b>Titel:</b> <b>Dienste Bemarking</b>   |                          |  |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                          |  |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                          |  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreer van bemarking in 'n diensomgewing, insluitende dienskwaliteit en die diensleweringssproses, die verbruiker in die diensomgewing se gedrag en besluitnemingsproses asook die begrip van verskillende prysstrategieë en geïntegreerde bemarkingskommunikasie in die diensomgewing;</li> </ul>  |                          |  |

- vaardighede te demonstreer, gebaseer op konsepte en teorieë, om 'n behoorlike diensaanbod te ontwerp en te ontwikkel en in staat te wees om 'n prysstrategie te ontwikkel en te analiseer wat relevant is vir 'n bepaalde dienstemark en om met voorstelle te kom wat verhoudinge en lojaliteit met kliënte kan uitbou en om mislukkings van diensaanbiedinge te identifiseer en reg te stel;
- die vermoë te demonstreer om 'n literatuurstudie en oorsig van die diensomgewing te onderneem en op te stel om sodoende as individu of deel van 'n span skriftelik en verbaal verslag te doen oor die bemarking van dienste.

|                               |                     |  |
|-------------------------------|---------------------|--|
| <b>Metode van aflewering:</b> | Voltyds en Deeltjds |  |
|-------------------------------|---------------------|--|

|                             |            |  |
|-----------------------------|------------|--|
| <b>Assesseringsmetodes:</b> | Formatief: | 3 klastoetse; gewig – 30<br>1 geïntegreerde opdrag; gewig – 20<br>Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 |
|-----------------------------|------------|--|

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

|                            |                   |                    |
|----------------------------|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> BMAR221 | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
|----------------------------|-------------------|--------------------|

|                                 |
|---------------------------------|
| <b>Titel:</b> Verbruikersgedrag |
|---------------------------------|

|                          |
|--------------------------|
| <b>Module-uitkomste:</b> |
|--------------------------|

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- grondige kennis te demonstreer van verbruikersgedrag, die verbruiker as individu, verbruikers in hulle sosiale en kulturele omgewing en die verbruiker-besluitnemingsproses;
- vaardighede te demonstreer, gebaseer op die begrip van konsepte en teorieë, om die rol van verbruikersnavorsing en marksegmentasie in verbruikersgedrag te identifiseer asook om vas te stel hoe bemarkingstrategiee deur verbruikersgedrag beïnvloed word.

|   |
|---|
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en Deeltjds |
|---|

|                             |             |  |
|-----------------------------|-------------|--|
| <b>Assesseringsmetodes:</b> | Formatief : | 3 klastoetse; gewig – 35<br>2 opdragte / huisweropdragte; gewig - 15<br>Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 |
|-----------------------------|-------------|--|

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

|                            |                   |                    |
|----------------------------|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> BMAR311 | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
|----------------------------|-------------------|--------------------|

|                              |
|------------------------------|
| <b>Titel:</b> Produkbesluite |
|------------------------------|

|                          |
|--------------------------|
| <b>Module-uitkomste:</b> |
|--------------------------|

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreer van produkbesluite – die klassifikasie van produkte, nuwe produk ontwikkeling, individuele en veelsoortige produkbesluite, produkposisionering en die produklewensiklus konsep – as onderdeel van die bemarkingsverskeidenheid;
- vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreer ten opsigte van die identifisering en analisering van produkverwante vraagpunte in 'n gegewe gevalliestudie en die aanbeveling van 'n doelmatige produkstrategie – as onderdeel van die bemarkingsverskeidenheid – om die produkverwante vraagstukke aan te pak;
- die vermoë te demonstreer om die relevante teorie en konsepte toe te pas asook om die kennis opgedoen te gebruik om produkstrategiee as deel van die bemarkings-verskeidenheid aan besighede, verbaal en skriftelik, te kommunikeer as individu en as lid van 'n span.

|                               |                     |  |
|-------------------------------|---------------------|--|
| <b>Metode van aflewering:</b> | Voltyds en Deeltjds |  |
|-------------------------------|---------------------|--|

|                             |            |  |
|-----------------------------|------------|--|
| <b>Assesseringsmetodes:</b> | Formatief: | 3 klastoetse; gewig – 35<br>1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15<br>Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 |
|-----------------------------|------------|--|

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

|                            |                   |                    |
|----------------------------|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> BMAR312 | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
|----------------------------|-------------------|--------------------|

|  |
|--|
| <b>Titel:</b> Prys- en Distribusiebesluite |
|--|

|                          |
|--------------------------|
| <b>Module-uitkomste:</b> |
|--------------------------|

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreer van die belangrikheid van prys, stappe in prysbepaling, bepaling van die finale prys, ontwerp van distribusiekanaale, keuse van distribusiekanaallede, logistiekbestuur, bestuur van die distribusiekanaale en die gedragspatrone in die distribusiekanaale;
- vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreer ten opsigte van prysbepaling, bepaling van die finale prys en ontwerp en bestuur van distribusiekanaale;
- die vermoë te demonstreer om 'n literatuur- en omgewingstudie te onderneem ten einde probleme in prysbepaling en distribusiebestuur te identifiseer en te analiseer en met oplossings voordag te kom in die vorm van skriftelike verslae en deur van gepaste rekenaarsagteware gebruik te maak.

|                               |                     |  |
|-------------------------------|---------------------|--|
| <b>Metode van aflewering:</b> | Voltyds en Deeltjds |  |
|-------------------------------|---------------------|--|

|                             |            |  |
|-----------------------------|------------|--|
| <b>Assesseringsmetodes:</b> | Formatief: | 3 klastoetse; gewig – 35<br>1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15 |
|-----------------------------|------------|--|

|   |   |                    |
|---|---|--------------------|
|   | Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50  |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.   |   |                    |
| <b>Modulekode:</b> BMAR321  | <b>Semester 2</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> <u>Bemarkingsnavorsing</u>  |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreer van die belangrikheid van die bemarkingsnavorsing probleemdefisie, navorsingsontwerp, meting en gradering, vraelys-ontwerp, steekproefontwerp, veldwerk en data voorbereiding, ontleding en verslagdoening;</li> <li>• vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreer ten opsigte van die identifisering en ontleding van bemarkingsbestuur probleme en aanbeveling van oplossings deur gepaste bemarkingsnavorsingsprojekte te ontwerp en suksesvolle verslag te doen oor die resultate van hierdie projekte;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om 'n literatuur- en omgewingstudie te onderneem, navorsingsprojekte te beplan en 'n navorsingsverslag voor te berei as individu en as lid van 'n span, en die navorsingsvoorstel en -verslag verbaal en skriftelik aan 'n professionele gehoor te kommunikeer.</li> </ul> |   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds en Deeltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>   | Formatief: 3 klastoetse; gewig – 35<br>1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15<br>Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50                                 |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.   |   |                    |
| <b>Modulekode:</b> BMAR322  | <b>Semester 2</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> <u>Geïntegreerde Bemarkingskommunikasie</u>   |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n volledige en sistematiese kennis te demonstreer van geïntegreerde bemarkings-kommunikasie (GBK) en van GBK as advertensie-, promosie- en integrasie-hulpmiddels;</li> <li>• vaardighede, gebaseer op 'n deeglike begrip van teorieë en konsepte, te demonstreer ten opsigte van die identifisering en ontleding van die mees gesikte GBK komponente in verskillende situasies, deur 'n gepaste GBK-plan veldtog op te stel;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om 'n omstandighedsbeskouing te onderneem, 'n GBK-veldtog te beplan en 'n navorsingsverslag voor te berei as individu en as lid van 'n span, en die veldtog en navorsingsverslag verbaal en skriftelik aan 'n professionele gehoor te kommunikeer.</li> </ul>  |   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds en Deeltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>   | Formatief: 3 klastoetse; gewig – 35<br>1 geïntegreerde opdrag; gewig – 15<br>Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50                                 |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.   |   |                    |
| <b>Modulekode:</b> ECON111  | <b>Semester 1</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> <u>Inleiding tot Ekonomiese</u>   |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• toegang tot bronne wat nodig is vir 'n suksesvolle bestuurs/entrepreneurskap loopbaan te verkry;</li> <li>• geleenthede in verskillende industrieë en studievelder te ontdie;</li> <li>• sy/haar belangstellings, persoonlikheid, talente en waardes te ontdie en in verband te bring met die gekose industrie en studieveld;</li> <li>• 'n persoonlike ontwikkelingsplan met visie en doelstellings op te stel;</li> <li>• inkomste en uitgawes op 'n verstandige wyse te beplan en syfervaardigheid te openbaar;</li> <li>• sy/haar persoonlike ontwikkelingsplan te implementeer deur met verskillende gehore te kommunikeer oor wat geleer is, selfbeheer en goeie interpersoonlike verhoudings te handhaaf en besigheidstaal effektiel te gebruik.</li> </ul>   |   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds en Deeltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>   | Formatief: 2 - 3 klastoetse; gewig – 35<br>1 - 2 opdragte; gewig – 20<br>1 - 2 ander opdragte; gewig – 15<br>Summatief: 1 x 2 uur eksamen; gewig – 30 |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.   |   |                    |
| <b>Modulekode:</b> ECON121  | <b>Semester 1</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> <u>Basiese Mikro- en Makro-ekonomiese</u>   |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |   |                    |

- fundamentele kennis van en insig in die beginsels en teorieë waarop mikro-ekonomiese, makro-ekonomiese en die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model gegrond is te demonstreer, en ook die vermoë demonstreer om begrippe en terminologie aan te wend by die beantwoording van goed-omskrewende probleme en gevallestudies;
- fundamentele kennis te demonstreer van die wisselwerking tussen en interafhangklikheid van ekonomiese deelnemers en ekonomiese aanwysers;
- vaardighede te demonstreer om gevallestudies, voorbeeldte en probleme ten opsigte van bepaalde makro- en mikro-ekonomiese verskynsels te ontleed en te evalueer, met verwysing na vraag, aanbod, ekwilibrium, verbruik, produksie, pryselastisiteit en verskillende vorms van mededinging;
- fundamentele begrip te demonstreer van die oorsake van inflasie, werkloosheid en ekonomiese groei en sy/haar kennis te gebruik om beleid in dié verband aan te beveel;
- vaardighede te demonstreer om die Eenvoudige Makro-ekonomiese Model in ekonomiese ontleidings en voorspellings aan te wend;
- vaardighede te demonstreer met die versameling en verwerking van inligting vir die skryf van werkopdragte binne die raamwerk van mikro- en makro-ekonomiese, individueel en in groep.

**Metode van aflewering:** Voltyds en Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

**Modulekode:** ECON211

**Semester 1**

**NKR-vlak:** 6

**Titel:** Makro-ekonomie

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- die interverwantskappe in die makro-ekonomiese tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed;
- die uitwering van verskeie beleidstappe op die funksionering van die ekonomie op sowel die lang- as die kortermyn te beoordeel;
- verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en verduidelik hoe dit toegepas kan word.

**Metode van aflewering:** Voltyds en Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Formatief: Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50

Hierdie is 'n riglyn en mag verander.

**Modulekode:** ECON221

**Semester 1**

**NKR-vlak:** 6

**Titel:** Mikro-ekonomie

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- grondige kennis en begrip te demonstreer van tersaaklike terme, reëls, begrippe, beginsels en teorieë om mikro-ekonomiese en die toepassing daarvan in die werklikheid te beskryf;
- teoriegedrewe argumente en IT-vaardighede te gebruik om as individue en/of groepe inligting aangaande mikro-ekonomiese kwessies te versamel, te organiseer, te ontleed en te vertolk;
- probleemoplossingsvermoëns ten opsigte van verbruikersvraag en -keuses, markstrukture en die gedrag van mededingers, ewewiganalises, mikro-beleid en regeringsingryping in die ekonomie in die vorm van belasting/subsidiëring te demonstreer;
- bevindings en/of oplossings op samehangende en betroubare wyse aan 'n gehoor van eweknieë en akademici deur gebruikmaking van individuele en/of groepmetodes doeltreffend te kommunikeer.

**Metode van aflewering:** Voltyds en Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.

**Modulekode:** ECON311

**Semester 1**

**NKR-vlak:** 7

**Titel:** Fiscale en Monetêre Beleid

**Module-uitkomste:**

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van markmislukking en die rol van die staat in die ekonomie te demonstreer;
- as 'n individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om voorvalle van markmislukking in gevallestudies te identifiseer en toepaslike vorms van staatsingryping aan te beveel;
- die bekwaamheid te demonstreer om verskillende vorms van staatsingryping in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings met behulp van die toepaslike IT te kommunikeer.

**Metode van aflewering:** Voltyds en Deeltyds

**Assesseringsmetodes:** Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.

|   |                   |                    |
|---|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> ECON321  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> Ekonomiese Analise  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• afgeronde en sistematiese kennis van klassieke lineêre regressie-modelle en spesifikasie-toetsing van regressieresultate te demonstreer;</li> <li>• as individu en/of deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n regressiemodel met Eviews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur-breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit en outokorrelasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van ekonomiese ontleidings;</li> <li>• die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaakklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonomiese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n verantwoordbare mondeling aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike Inligtingstegnologie, asook in die vorm van 'n skripsié van 20 bladsye.</li> </ul>  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en Deeltjys   |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.   |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> ECON322  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> Ontwikkelingsekonomie   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis van ekonomiese toestande in lae- en middelinkomste-ekonomiese en die strukturele eienskappe van Minder Ontwikkelde Lande se ekonomiese te demonstreer;</li> <li>• 'n kritieke begrip van terme, reëls, beginsels en teorieë toe te pas ten einde as individu in groep ekonomiese prestasie in lae- en middelinkomste-ekonomiese asook ander kwessies van ekonomiese ontwikkeling te ontleed, te vertolk en te evaluateer ten einde deel te neem aan normgebaseerde beredenering;</li> <li>• deeglik-ontwikkelde inligtingsherwinningsvaardighede te demonstreer, om die inligting te ontleed, te vertolk en te evaluateer en om eties te werk te gaan met onbekende konkrete en abstrakte probleme in Ontwikkelingsekonomie;</li> <li>• inligting in goed-gestruktureerde betoë in skriftelike werksopdragte en mondelinge aanbiedings te kommunikeer ooreenkomstig voorgeskrewe formaat en met die gebruik van toepaslike tegnologie.</li> </ul>  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds en Deeltjys   |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word verskaf in die studiegids en op eFundi.   |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> EKIP211  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Internasionale Handelsbetrekkinge   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                               |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis en insig te demonstreer in die teorie van die basiese numeriese metodes vir algemeen voorkomende wiskundige probleme, waaronder die oplos van nie-lineêre vergelykings, bepaling van interpolasiepolinome en numeriese bepaling van bepaalde integrale;</li> <li>• probleemplossingsvaardighede te demonstreer deur nie-lineêre vergelykings met iteratiewe tegnieke op te los, interpolasiepolinome van Lagrange en Newton te bepaal, bepaalde integrale met die trapesiummetode, die Simpson-reël, Romberg-integrasie en Gauss-kwadratuur te bepaal en hierdie tegnieke rekenaarmatig toe te pas;</li> <li>• 'n liefde vir die studievelde te openbaar en begrip te toon vir die verband tussen werklikheid, abstraksie, model en oplossing;</li> <li>• 'n Christelike, of alternatiewe, perspektief op die vakgebied te hê.</li> </ul>   |                   |                               |
| <b>Metode van aflewering:</b>  | Voltyds           |                               |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Summatief:        | 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                               |
| <b>Modulekode:</b> WISN111   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak: 5</b>            |
| <b>Titel:</b> Inleidende Algebra en Analise I  |                   |                               |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                               |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                               |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis te demonstreer van basiese versamelingsleer en logika, die heelgetallestelsel en die reële getallestelsel, wiskundige induksie, permutasies en kombinasies en die binomiaalstelling, die funksiebegrip, sirkelmaat en trigonometriese funksies, inverse funksies en inverse trigonometriese funksies, polinome in een veranderlike, rasionale funksies, parsiële breuke, vektore en die bewerkings tussen vektore, komplekse getalle, poolkoördinaatvoorstellings, limiete, kontinuïteit en differensieerbaarheid van standaardfunksies, onbepaalde integrale van eenvoudige funksies, die stelling van L'Hospital en sy gebruik, en die gebruik van afgeleides in optimalisering en krommesketsing;</li> <li>• probleemplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om logika op die getallestelsels toe te pas, stellings deur wiskundige induksie bewys, die aantal rangskikkings en keuses uit 'n versameling bepaal, magte van eerstegraadspolinome ontwikkel, al bogenoemde funksies se limiete bepaal, ook met die gebruik van L'Hospital se stelling, afgeleides en onbepaalde integrale van eenvoudige funksies bereken en die funksies skets, optimieringsprobleme in 'n wiskundige formulering giet en die kennis van afgeleides gebruik om dit op te los, bewerkings met komplekse getalle en vektore te kan uitvoer en krommes in poolkoördinate skets.</li> </ul> |                   |                               |
| <b>Metode van aflewering:</b>  | Voltyds           |                               |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Summatief:        | 1 x 2 uur eksamen; gewig – 50 |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                               |
| <b>Modulekode:</b> WISN113   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak: 5</b>            |
| <b>Titel:</b> Basiese Wiskundige Tegnieke  |                   |                               |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                               |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                               |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• inleidende kennis te demonstreer van die konsep van 'n wiskundige funksie vanuit voorbeeldie wat eksponentiale en logaritmiese funksies insluit, 'n oplosmetode vir stelsels lineêre vergelykings, matriksalgebra, lineêre programmerings-probleme in twee veranderlikes, analise van die tempo van verandering van wiskundige funksies met die gebruik van differensiasie om die eienskappe van die funksie te ondersoek;</li> <li>• die vaardigheid te demonstreer om die teenwoordigheid en toepasbaarheid van wiskundige konsepte in 'n wetenskaplike situasie te herken en 'n wiskundige model van die probleemsituasie te konstrueer ten einde 'n oplossing te verkry deur die toepassing van differensiasietegnieke, rekenkundige tegnieke of lineêre algebra.</li> </ul>  |                   |                               |
| <b>Metode van aflewering:</b>  | Voltyds           |                               |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Summatief:        | 1 x 2 uur eksamen; gewig – 50 |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                               |

|  |                   |                    |
|--|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> WISN121   | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleidende Algebra en Analise II   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>fundamentele kennis te demonstreer van basiese konsepte van rye, reekse en magreekse asook die basiese stellings oor konvergensië van reekse, Taylor-reekse, die bepaalde integraal se basiese eienskappe en gebruik, die fundamentealstellings van differensiaal- en integraalrekene, hiperboliese en inverse hiperboliese funksies, toepassings van integrasie op oppervlaktes, lengtes en volumes, eerste orde skeibare differensiaalvergelykings, stelsels lineêre vergelykings, Gauss-herleiding, matriks en matriksbewerkings, determinante en Cramer se reël;</li> <li>probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke gebruik om stelsels lineêre vergelykings te hanter, konvergensië van rye en reekse te beoordeel, Taylor-reekse te bereken, integrale te bepaal, en afgeleides en integrale van eksponensiële en hiperboliese funksies, differensiaalvergelykings op te los, en oppervlaktes, lengtes en volumes te bereken.</li> </ul>  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50   |                   |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISN211   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Analise III  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>grondige kennis en begrip te demonstreer van al die aspekte van differensiaalrekening van meerveranderlike funksies: parsiële- en rigtingafgeleides, die gradiëntfunksie, optimeringsprobleme insluitende Lagrange se metode, en die teorie van meervoudige integrale;</li> <li>probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke te gebruik om praktiese probleme wat deur meerveranderlike funksies gemodelleer word op te los, die meetkundige en fisiese betekenis van die bogenoemde konsepte te kan gebruik om die onderliggende wiskundige struktuur van toegepaste probleme te kan abstraheer, en die betekenis van die wiskundige oplossing te kan interpreteer.</li> </ul>  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISN212   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Lineêre Algebra I  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>grondige kennis en begrip te demonstreer van die oplosbaarheid van stelsels lineêre vergelykings, die basiese eienskappe van Euklidiese ruimtes en lineêre transformasies, interafhanklikheid van algemene vektorruimte begrippe, die bepaling van eiewaardes en eievektore;</li> <li>probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke te gebruik in die oplossing van stelsels lineêre vergelykings in vektorruimte-konteks, matriksbewerkings te doen, basisse vir deelruimtes te bepaal, eiewaardes en eievektore te bereken, matriksberekening uit te voer en die resultate te interpreteer.</li> </ul>  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISN221   | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Analise IV   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>grondige kennis en begrip te demonstreer van lynintegrale van skalaarwaardige en vektorwaardige funksies van twee- en drievieranderlike funksies, die fundamentealstelling en die stelling van Green vir lynintegrale en hul gebruik, oppervlakintegrale van skalaarwaardige en vektorwaardige funksies, die stelling van Stokes en divergensië-stelling van Gauss en hul gebruik, die teorie van hoër orde lineêre differensiaal-vergelykings en oplossingsmetodes (metode van onbepaalde koëffisiënte en variasie van parameters) van tweede orde lineêre differensiaalvergelykings met constante koëffisiënte, rye en reekse van reële getalle, konvergensietoetse (integraaltoets, vergelykingstoets, limiet-vergelykingstoets) en toetse vir absolute konvergensië van reekse van reële getalle (verhoudings- en worteltoets);</li> <li>probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer, kennis van tegnieke te gebruik om lynintegrale van skalaarwaardige en vektorwaardige funksies te bereken en te gebruik in die oplossing van praktiese probleme (soos berekening van oppervlaktes en berekening van arbeid verrig deur kragte langs krommes), berekening van oppervlakintegrale van skalaarwaardige en vektorwaardige funksies van twee en drie veranderlikes en die gebruik daarvan</li> </ul> |                   |                    |

om praktiese probleme (soos die berekening van vloeitempo deur oppervlakte) op te los, die stelling van Stokes te gebruik in die berekening van oppervlakintegrale deur gebruik van lynintegrale langs geslote krommes en andersom, die stelling van Gauss te gebruik om oppervlakintegrale van vektorvelde oor geslote oppervlakte deur middel van trippelintegrale te bereken, die oplossings van homogene lineêre differentiaal-vergelykings met konstante koëffisiënte te kan bepaal en nie-homogene lineêre vergelykings met behulp van die metodes van onbepaalde koëffisiënte en variasie van parameters op te los, die verskillende (toepaslike) toetses vir konvergensie van reekse van reële getalle te gebruik om te toets vir konvergensie of divergensie van sodanige reekse.

|   |   |                    |
|---|---|--------------------|
| <b>Metode van aflewing:</b>   | Voltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>   | Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50<br>Hierdie is 'n riglyn en mag verander. |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISN222  | <b>Semester 2</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Lineêre Algebra II  |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>grondige kennis en begrip te demonstreer van algemene vektorruimtes en basisse, inwendige produkte, vektornorme, lineêre transformasies, matriks- en vektornorme, stapsgewysse ortogonale transformasies op 'n matriks, LU-faktorisering en oplossings van sekere stelsels differentiaalvergelykings;</li> <li>probleemplossingsvaardighede te demonstreer deur bekende en onbekende probleme te analiseer en toepassing van kennis en tegnieke gebruik in die bepaling van inwendige produkte, vektornorme en lineêre transformasies.</li> </ul>  |   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b>   | Voltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>   | Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50<br>Hierdie is 'n riglyn en mag verander. |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISN223  | <b>Semester 2</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Diskrete Wiskunde   |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>kennis te demonstreer van proposisie- en predikaatlogika en logiese argumentasie, algemene bewysegnieke insluitend direkte en indirekte metodes en teë voorbeeld, die basiese notasie en eienskappe van versamelingsleer en Boolese algebras, berekening van waarskynlikhede deur basiese teltegnieke, eienskappe van wiskundige funksies, die vakkiebeginsel en inleidende grafiekteorie;</li> <li>konsepte te kan toepas en demonstreer;</li> <li>die teenwoordigheid en toepasbaarheid van die wiskundige konsepte in 'n praktiese situasie te herken en die konsepte op die korrekte manier te programmeer.</li> </ul>   |   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b>   | Voltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>   | Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50<br>Hierdie is 'n riglyn en mag verander. |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISN313  | <b>Semester 1</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> Komplekse Analisa   |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Die afgeleide van komplekse- asook vektorfunksies van meer veranderlike funksies kan definieer en bepaal, kennis demonstreer van die begrippe differensieerbaar en analities en vertroud wees met die gebruik daarvan, kennis demonstreer van die begrip van 'n lynintegraal en komplekse kontointegraal, vertroud wees met die stellings van Cauchy en die gebruik daarvan in die berekening van kontointegrale.</li> <li>Vertroud wees met diverse gevolge van Cauchy se stelling en die toepassing daarvan, kennis demonstreer oor die stellings van Taylor en Laurent en die gebruik daarvan, kennis demonstreer oor singuliere punte en residue van komplekse funksies, vertroud wees met die beskrywing van singuliere punte en berekening van residue, vertroud wees met Cauchy se residustelling en die gebruik daarvan.</li> <li>Verskeie oneintlike integrale en ander belangrike integrale kan oplos met behulp van residurekkening, die maksima en minima van komplekse funksies kan bereken, en kan toepas in ander gebiede.</li> </ul> |   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b>   | Voltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>   | Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50  |                    |

|  |                   |                    |
|--|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> WISN323   | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> Reële Analise  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• fundamentele kennis demonstreer van die teorie van reële getalle; die topologie van eindig dimensionele vektorruimtes; kompakteid en samehangendheid van versamelings; kontinue en gelykmatig kontinue funksies; kontinue beeldel van kompakte en samehangende versamelings; konvergensie van ryen Cauchy-rye; konvergensie en gelykmatige konvergensie van ryen funksies; Riemann- integrasie; differensiasie van vektorwaardige funksies van meer veranderlikes; implisierte funksiestelling; bijeksys, diffeomorfisme en oop afbeeldings; ekstreemwaardes met en sonder beperkings; Lagrange se metode; ongelykhede van Cauchy-Schwarz, Hölder en Minkowski.</li> <li>• probleemplossingsvaardighede demonstreer deur bekende en onbekende analise-probleme te analiseer, funksies te toets vir kontinuïteit, probleme uit integrasieteorie op te los en om abstrakte wiskunde-stellings en begrippe in gebiede soos waarskynlikheidsleer toe te pas.</li> </ul> |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50   |                   |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> WVNS211   | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Verstaan die Natuurlike Wêreld   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis te demonstreer van die aard en funksie van wêreldbeskouings en ideologieë soos dit geskiedkundig uit die wetenskap ontwikkel het van die antieke tot die post-moderne era;</li> <li>• die verhouding tussen norme en wetenskap, die invloed van wetenskap en tegnologie op die geestelike, kulturele en materiële wêreldbeskouing van die mens, sy gemeenskap en omgewing, te verstaan;</li> <li>• kernbegrippe rondom die ontwikkeling van die wetenskap in die konteks van waardesisteme, soos dit in hulle wêreldbeskouing funksioneer, te verstaan en bespreek.</li> </ul>   |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 2 uur eksamen; gewig – 50   |                   |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> WVNS221   | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Wetenskap en die Gemeenskap  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese kwessies in kontemporêre gesprekke oor wetenskap, tegnologie en die gemeenskap, met spesifieke verwysing na die wetenskap- en tegnologiesisteme in Suid-Afrika te kan identifiseer, demonstreer en krities daarop reageer;</li> <li>• van die belangrikste etiese kwessies in die onderwerp areas van 'n program te kan identifiseer en krities daarop reageer volgens 'n waardegebaseerde oriëntasie binne 'n spesifieke wêreldbeskouing;</li> <li>• die rol van multi-kulturaliteit in wetenskapsbeoefening en die vooruitgang van die wetenskap te verstaan;</li> <li>• 'n deurdagte, beredeneerde standpunt oor die idee van volhoubare ontwikkeling, wat die sosio-ekonomiese implikasies daarvan insluit, te kan vorm;</li> <li>• perspektiewe op verskillende denksisteme te kan bespreek en kontemporêre kwessies in wetenskap en tegnologie binne 'n sisteem-perspektief te kan beskou.</li> </ul>   |                   |                    |
| Die student se standpunt moet in alle gevalle voortspruit uit 'n self-gekose maar erkende verwysingsraamwerk binne die betrokke veld.  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b> Voltyds  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 2 uur eksamen; gewig – 50   |                   |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |                   |                    |

#### E.4.5 MODULE-UITKOMSTE:VERLENGDEPROGRAMME

Verlengde program modules is ter voorbereiding vir die gewone eerste-/tweede-/derdevlak modules en combineer sekere aspekte van die gewone programmateriaal met wesentlike voorsiening vir fundamentele materiaal.

|   |                   |                    |
|---|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> ACFS111  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Finansiële Rekeningkunde Spesiaal: Basiese Konsepte, Rekeningkundige Siklus en Rekeningkundige Stelsels   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b><br>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik;</li> <li>'n duidelike begrip van die rekeningkundige vergelyking te toon;</li> <li>transaksies in joernaal, grootboekrekenings en kontrolerekenings te kan aanteken;</li> <li>'n rekeningkundige stelsel vir 'n spesifieke onderneming te kan ontwerp;</li> <li>elementêre finansiële state vir 'n eenmansaak te kan opstel.</li> </ul>  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltyd  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf in 'n werksrooster.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> ACFS121  | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Finansiële Rekeningkunde Spesiaal: Bankrekonsiliasie, Elementêre Finan-siële Verslagdoening, Elementêre Ontleding en Vertolking van Finansiële State  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b><br>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>transaksies in die kontantontvangste en -betalingsjoernaal aan te teken en 'n bankrekonsiliastaat op te stel;</li> <li>die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat), staat van finansiële posisie (balansstaat) en staat van verandering in ekwiteit vir 'n eenmansaak op 'n algemeen aanvaarbare formaat op te stel;</li> <li>finansiële verhoudings te kan identifiseer en die doel daarvan te verduidelik en toe te pas in die ontleding en vertolking van die likwiditeit, winsgewendheid en solvensie van ondernemings.</li> </ul>   |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds en Deeltyd  |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Assesseringskriteria word aan die begin van die semester verskaf in 'n werksrooster.  |                   |                    |
| ACFS11.121 (Finansiële Rekeninkunde Spesiaal) is ter voorbereiding vir die gewone eerstevlak modules in Rekeningkunde. Dit word bedoel vir studente wat nie Rekeningkunde op graad 12 vlak geneem het nie.  |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> ITSP111  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Probleemplossing  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b><br>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>te verduidelik wat die verskil is tussen probleemplossing en die skryf van rekenaar programme in programmeertaal;</li> <li>te verstaan wat probleme is en dat probleme meer as een oplossing het;</li> <li>'n strategie toe te pas vir die verstaan, oplos en evaluering van 'n oplossing van 'n probleem;</li> <li>oplossings te skryf vir probleme in 'n semi-formele gestrukteerde Engels (pseudo kode);</li> <li>die rol van volgorde, keuse (seleksie) en herhaling in probleemplossing te herken;</li> <li>probleemplossing-strategie toe te pas op werklike probleme, insluitend alternatiewe rigtings van aksie en herhalende stappe van aksie;</li> <li>die belangrikheid wat die rol van abstraksie speel in probleemplossing te verstaan;</li> <li>die veranderlikes (data items) wat benodig word in probleemplossing (algoritme) te identifiseer;</li> <li>skatting van waarskynlike reekswaardes vir veranderlikes te doen;</li> <li>die probleemplossing-strategie toe te pas op werklike probleme wat veranderlikes en geneste aksie blokke bevat;</li> <li>die maniere waarin verskillende tipes data die manier affekteer hoe oplossings tot probleme ontwerp word, te verstaan;</li> <li>toepaslike aksies wat op verskillende data tipes toegepas kan word, te herken;</li> <li>verskillende maniere te identifiseer waarop seleksie en herhaling uitgevoer kan word en te verstaan hoe verskillende gespesialiseerde kontrolestrukture toepaslik gebruik kan word;</li> <li>die verskil tussen eenvoudige en saamgestelde seleksiestructure, en hoe komplekse voorwaardes uitgedruk kan word om seleksiestructure te beheer, te verstaan;</li> <li>die verskil tussen bepaalde en onbepaalde herhalings en hoe komplekse kondisies uitgedruk kan word om die herhalings te beheer, te verstaan;</li> <li>bepaalde: teller- gekontroleerde herhaling;</li> <li>onbepaalde: nul-of-meer en ten-minste-een keer herhalings;</li> <li>werklike probleme te analiseer om die toepaslike seleksie- en herhalingstrukture te gebruik.</li> </ul> |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Kontaksessies   |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief en Summatief  |                   |                    |

ITSP111 (Inleiding tot Probleemoplossing) is bedoel vir studente wat nie programmering op graad 12vlak geneem het nie.

|   |                   |                    |
|---|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> ITSP121  | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Programmeringsbeginsels   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"><li>• die onderskeie komponente van 'n rekenaar te ken;</li><li>• te verstaan hoe die onderskeie komponente van 'n rekenaar werk;</li><li>• te verstaan hoe om die onderskeie komponente effekief te gebruik;</li><li>• te kan demonstreer dat hy/sy weet hoe 'n rekenaar werk;</li><li>• basiese rekenaarkonsepte te ken en te verduidelik;</li><li>• basiese algoritmes te skryf.</li></ul> |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Kontaksessies   |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief en Summatief  |                   |                    |

ITSP121 (Inleiding tot Programmeringsbeginsels) is ter voorbereiding vir die gewone eerstevlak module in Programmering.

|   |                   |                    |
|---|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> ITSP113  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Grafiese Koppelvlakprogrammering  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <b>Kennis</b>   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"><li>• te demonstreer dat hy/sy vertroud is met basiese teoretiese programmeringskonsepte en dat hy/sy oor basiese inleidende kennis en vaardighede van 'n grafiese koppelvlak programmeringsomgewing beskik wat hom/haar in staat stel om basiese programme te ontwikkel en te toets deur die gebruik van 'n GGK rekenaar programmeringstaal;</li><li>• inleidende aspekte van grafiese koppelvlakontwerp en gebeurlikheidsgedrewe programmering te verstaan;</li></ul> |                   |                    |
| <b>Vaardighede</b>  |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"><li>• te bewys dat hy/sy die teorie van basiese grafiese koppelvlakprogrammering op 'n praktiese wyse kan toepas deur algoritmes te skryf en vervolgens basiese probleme op te los deur die gebruik van 'n GGK programmeringstaal.</li></ul>  |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Lesings (kontaksessies) / praktiese deelname van studente in 'n rekenaarlaboratorium.   |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Formatief: Teoretiese en praktiese klastoetse. Dosent /student waarneming en interaksie. Summatief: Formele eksamen.  |                   |                    |

ITSP113 (Inleiding tot Grafiese Koppelvlakprogrammering) is ter voorbereiding vir die gewone eerstevlak module in Grafiese Koppelvlakprogrammering

|   |                   |                    |
|---|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> ITSP114  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Objekgeoriënteerde Programmering  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| <b>Kennis</b>   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>basiese kennis en insig te demonstreer van 'n objekgerigte programmeringstaal se basiese strukture, datatipes, metodes, klasse en objekte;</li> <li>basiese kennis en insig te demonstreer van probleemplossing wat insluit: ontfoutig, toetsing en uitvoering van toepassings;</li> </ul>   |                   |                    |
| <b>Vaardighede</b>  |                   |                    |
| te kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleem-oplossing met behulp van die rekenaar. In besonder behoort hy/sy in staat te wees om:   |                   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>vir 'n probleem wat gedefinieer is, 'n oplossingsplan (algoritme) te ontwikkel om die probleem op te los, die algoritme te "vertaal" (kodeer) in Java, dit te ontfout, te toets en uit te voer met behulp van die rekenaar;</li> <li>sekere stappe van probleemplossing te kan toepas op gedefinieerde probleme;</li> <li>algemene eienskappe van die programmeringstaal Java te gebruik om toepassings te ontwikkel;</li> <li>klasse te skep en te gebruik in probleemplossing;</li> <li>verskillende datatipes in Java te hanter;</li> <li>rekenkundige bewerkings te doen;</li> <li>Klasse en metodes wat reeds in Java gedefinieer is, te kan gebruik;</li> <li>Java se besluitnemingsstrukture (keuse) naamlik <i>if</i> en <i>switch</i> in probleemplossing te gebruik;</li> <li>die herhalingsstrukture van Java (lusse), naamlik <i>while</i>, <i>do..while</i> en <i>for</i> te gebruik in probleemplossing;</li> <li>'n goeie programmeringstyl te gebruik (programleesbaarheid);</li> <li>gestructureerde klasse en programme te skryf wat netjiese uitvoer lewer;</li> <li>programme te skryf wat gebruikersvriendelik is.</li> </ul> |                   |                    |

**Metode van aflewering:** Lesings (kontaksessies) / praktiese deelname van studente in 'n rekenaarlaboratorium.

**Assesseringsmetodes:** Formatief: Teoretiese en praktiese klastoetse. Dosent /student waarneming en interaksie. Summatief: Formele eksamen.

ITSP114 (Inleiding tot Objekgeoriënteerde Programmering) is ter voorbereiding vir die gewone eerstvlak module in Programmering.

|  |   |                    |
|--|---|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> STTF211   | <b>Semester 1</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Waarskynlikheidsleer   |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>basiese waarskynlikheidskonsepte toe te pas;</li> <li>probleme met stogastiese veranderlikes van die diskrete en kontinue tipe op te los;</li> <li>probleme met twee stogastiese veranderlikes op te los.</li> </ul>  |   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>  | Voltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 projek; gewig – 50 |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |   |                    |
| <b>Modulekode:</b> STTF221   | <b>Semester 2</b>   | <b>NKR-vlak:</b> 6 |
| <b>Titel:</b> Steekproefteorie en Statistiese Inferensie   |   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>   |   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:  |   |                    |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>tegnieke toe te pas om twee veranderlikes te kan transformeer;</li> <li>beramingstegnieke toe te pas;</li> <li>die eienskappe van puntberamers te verstaan en te evalueer;</li> <li>die Metode van Momente en die maksimum aanneemlikheidsmetode toe te pas.</li> </ul> |   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>  | Voltyds   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b>  | Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 projek; gewig – 50 |                    |
| Hierdie is 'n riglyn en mag verander.  |   |                    |

STTF211,221 (Inleiding tot Waarskynlikheidsleer en Steekproefteorie en Statistiese Inferensie) is ter voorbereiding vir die gewone tweedevlak modules in Statistiek, om 'n vlak van statistiese vaardigheid te bereik.

|   |                   |                    |
|---|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> STTF311  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> Statistiese Inferensie  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b><br>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"><li>• genoegsame en volledige skatters te vind;</li><li>• die Rao-Blackwell stelling te verstaan en toe te pas;</li><li>• hipotesetoetsing uit te voer;</li><li>• die Neymann-Pearson lemma toe te pas;</li><li>• aanneemlikheidsverhouding toetse te konstrueer.</li></ul>   |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds   |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 projek; gewig – 50<br>Herdie is 'n riglyn en mag verander.   |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> STTF321  | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 7 |
| <b>Titel:</b> Grondslag Lineêre Modelle   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b><br>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"><li>• eenvoudige en meervoudige lineêre regressiemodelle te verstaan, die redes agter die aannames in die regressiemodel te verstaan, enige afwykings van die aannames te diagnoseer en remediërende maatstawwe om die afwykings reg te stel toe te pas en kwalitatiewe veranderlikes in die regressiemodel te inkorporeer deur fopveranderlikes te gebruik;</li><li>• tydreeksdata te ontleed en voorspel;</li><li>• 'n suksesvolle statistiese projek uit te voer, van ontwerp tot ontleding;</li><li>• vaardighede om 'n verslag te skryf te demonstreer (geskikte dokumentasie vir die projek te kan saamstel);</li><li>• die nodige rekenaarvaardighede te demonstreer om statistiese ontleding met Excel en SPSS te behartig.</li></ul> |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds   |                   |                    |
| <b>Assesseringsmetodes:</b> Summatief: 1 x 3 uur eksamen; gewig – 50 projek; gewig – 50<br>Herdie is 'n riglyn en mag verander.   |                   |                    |
| STTF311,321 (Statistiese Inferensie en Grondslag Lineêre Modelle) is ter voorbereiding vir die gewone derdevlak modules in Statistiek om 'n vlak van data-ontginning vaardigheid te bereik.   |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISS111  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Wiskunde I  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b><br>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"><li>• kennis op inleidende vlak te demonstreer van funksies, eksponentwette, logaritmewette, limietwette en ander basiese stellings;</li><li>• kennis te demonstreer van verskillende tipes grafieke, oplos van stelsels van lineêre vergelykings, lineêre programmering in twee veranderlikes, limiete, analisering van die tempo van verandering van funksies, die Resstelling en die Faktorstelling om polinome te faktoriseer en vergelykings op te los;</li><li>• wiskundige eienskappe en konsepte toe te pas en te demonstreer deur uitdrukings te vereenvoudig en lineêre en kwadratiese vergelykings en lineêre ongelykhede op te los.</li></ul>   |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds   |                   |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISS121  | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Wiskunde II   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b><br>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"><li>• kennis op inleidende vlak te demonstreer van absolute waardes en die aard van die wortels van kwadratiese vergelykings;</li><li>• ongelykhede (in die algemeen) en vergelykings met absolute waardes op te los;</li><li>• kennis te demonstreer van inverse funksies en die grafieke van polinome;</li><li>• kennis te demonstreer van trigonometriese funksies en identiteite;</li><li>• algemene oplossings sowel as oplossings op 'n gegewe interval te vind van vergelykings in trigonometriese funksies;</li><li>• kennis te demonstreer van die transformasie van funksies.</li></ul>   |                   |                    |
| <b>Metode van aflewing:</b> Voltyds   |                   |                    |

WISS111,121 (Inleiding tot Wiskunde I/II) is ter voorbereiding vir die gewone eerstevlak modules in Wiskunde, om 'n vlak van wiskundige vaardigheid te bereik.

|   |                   |                    |
|---|-------------------|--------------------|
| <b>Modulekode:</b> WISS113  | <b>Semester 1</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Wiskundige Tegnieke I   |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| • kennis op inleidendevlak te demonstreer van getallestelsels en eksponentwette;  |                   |                    |
| • eenvoudige woordprobleme wiskundig te formuleer;  |                   |                    |
| • wiskundige konsepte en eienskappe toe te pas en te demonstreer deur uitdrukings te vereenvoudig en lineêre en kwadratiese vergelykings en lineêre en kwadratiese ongelykhede op te los.                                       |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds           |                    |
| <b>Modulekode:</b> WISS123  | <b>Semester 2</b> | <b>NKR-vlak:</b> 5 |
| <b>Titel:</b> Inleiding tot Wiskundige Tegnieke II  |                   |                    |
| <b>Module-uitkomste:</b>  |                   |                    |
| Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:   |                   |                    |
| • kennis op inleidendevlak te demonstreer van funksies, eksponentwette, logaritmewette en limietwette;  |                   |                    |
| • kennis te demonstreer van verskillende tipes grafieke, oplos van stelsels van lineêre vergelykings, lineêre programmeering in twee veranderlikes, limiete en die analisering van die tempo van verandering van funksies;      |                   |                    |
| • kennis te demonstreer van finansiële wiskunde;  |                   |                    |
| • wiskundige eienskappe en konsepte toe te pas en te demonstreer deur uitdrukings te vereenvoudig, lineêre en kwadratiese vergelykings, lineêre ongelykhede, eksponensiële vergelykings en logaritmiese vergelykings op te los. |                   |                    |
| <b>Metode van aflewering:</b>   | Voltyds           |                    |

WISS113,123 (Inleiding tot Wiskundige Tegnieke I/II) is , ter voorbereiding vir die gewone eerstevlak modules in Wiskunde, om 'n vlak van wiskundige vaardigheid te bereik.